NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 22 - 2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS SINODE

Sinode Goudland se sinodesitting

Let asseblief daarop dat ons sinode se sinodesitting op **31 Oktober 2017** te Helikonpark, die Tuiste van Sinode Goudland, plaasvind. Dit sal net 'n eendag-sinode wees. Meer besonderhede volg later.

Geloofsbriewe vir Sinode Goudland

Geloofsbriewe, asook verskonings, moet aan jou streek se skriba gestuur word:

- **Platteland**
  Skriba: Johan Rademeyer - 018 683 0005 - ds.johan@sannieshof.ng.org.za
- **Wesrand**
  Skriba: Enrico Casaleggio - 084 245 2937 - Enrico.casaleggio@absamail.co.za
- **Potch**
  Skriba: Dawfre Theron - 082 899 3959 - dawfre.theron@gmail.com
- **Kosh**
  Skriba: Con Maritz - 083 673 8591 - maritzcon@hotmail.com
- **Vaaldriehoek**
  Skriba: Jorina Redelinghuys - 082 495 1468 - Jorinadeklerck@gmail.com

REFORMASIE 500 NUUS

Reformasie 500 Feesdiens

Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500 Feesvierings deur die Tussen Kerklike Raad (NG, NH en GKSA), vind op **Sondag, 29 Oktober 2017** in die kerkgebou van die NG Kerk Universiteitsoord plaas. Twee eenderse fees-eredienste vind in die middag om 15:30 en in die aand om 18:30 plaas.

• As predikers tree prof Gert Breed en dr Stephan Joubert op, terwyl ds Hannes van der Merwe as liturg optree.

• Dit word voorafgegaan deur 'n historiese visuele program, 'n 30-instrument simfonie¬orkes onder leiding van Braam van Tonder en 'n massakoor onder leiding van Renette Bouwer.

'n Beperkte aantal kaartjies is teen R30 per kaartjie beskikbaar. Persone of gemeentes wat belangstel moet asseblief vir Sandra Grobler kontak tussen 08:00-13:00, by sandra@noordsin.co.za of 012-440 6525.

* Meld asseblief jou naam en van, hoeveel kaartjies en volle kontakbesonderhede. Sluit asseblief jou epos adres in, aangesien die kaartjies elektronies deurgestuur word.

CLF-nuus: REFO 500 Pamflet

Hierdie is die 10de pamflet in die reeks van pamflette wat CLF ter viering van die Reformasie 500 uitgee en is beskikbaar in Afrikaans en Engels. Hierdie pamfletonderwerpe word ook maandeliks op CLF se gratis slimfoon toep gelaai, indien u verkies om dit elektronies aan u gemeentelede beskikbaar te stel.

Vrygemaak.... Om dapper in die openbaar te leef (Reggie Nel) - Met verwysing na projeksies van die Pew Navorsingsentrum dat die presentasie gelowiges in Afrika teen 2030 met 40% sal styg, is Afrika oor die volgende paar dekades goed geposisioneer as

die nuwe sentrum van die Christelik geloof. Hierdie het gewelde implikasies vir ons getuienisroeping. As ons as Christene 'n sleutelrol in hierdie nuwe Afrika wil speel, sal ons dapper genoeg moet wees om die roeping te vervul – dienend, saam met ander, asook lerend, luisterend na andere en na God se Woord.

Ons egter ook met omsigtigheid en in erkenning van kwesbaarheid vir die pynlike verlede van ons mede-Afrikane, omgaan met ons openbare roeping. Ons moet handevat, en koppe bymekaar sit om saam die reformasie van Afrika, en ook dié van die hele oikos, vanuit 'n nuwe Afrika te dien

Vir verder navrae en bestellings, stuur e-pos na order@clf.co.za of skakel 021 873 6964.

Reformasie 500: Laat die kerkklokke op 31 Oktober 2017 beier...



PretoriaFM het 'n aantal programme wat oor die 500-jarige herdenking van die Reformasie handel. Die radiostasie wil ook graag die kerkklokke landswyd op 31 Oktober laat lui - gemeentes, lees gerus hier meer.

Reformasie-vieringe

Die Tussen Kerklike Raad (TKR) kondig hul vieringe van Reformasie 500 aan en dit bestaan uit die volgende geleenthede:

- Houtkruis... 'n Musiekblyspel uit die Reformasie
- Maarten Luther... Genade Alleen - 'n Verhoogproduksie
- Uit Diep van Donker Nagte - 'n Verhoogstuk
- 'n Fees-erediens by NG Universiteitsoord op 29 Oktober

Klik hier vir volledige inligting en kontakbesonderhede

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Alle predikers: "Oscar"-toekenning vir prediking bekend gestel

Coram Deo NG gemeente het pas 'n unieke toekenning tot stand gebring om predikers in die NG Kerk aan te moedig om hoë impak preke te preek... en om erkenning te gee aan predikers wat mense se lewens positief beïnvloed met uitstaande prediking.

Die Coram Deo Prys vir Impak Prediking is 'n eerste, en een van die grootste pryse, in die veld van Christelike werk in Suid-Afrika. Die prysgeld beloop R30,000.00 en sal vir die eerste keer in 2018 uitgeloof word aan 'n prediker wat met sy/haar prediking mense se lewens aanraak en verander.

Die besluit om die prys uit te loof is deur die leierskap van Coram Deo NG Gemeente in Vereeniging geneem...

1. Omdat eredienste die primêre plek is waar lidmate se lewens aangeraak kan word en waar meeste mense opdaag om begelei te word in hul geloofslewe. Gevolglik is dit die punt waar die kerk die grootste verskil kan fasiliteer in mense se persoonlike lewe en in hul leefwêreld;
2. Omdat die evangelie 'n baie groter invloed kan uitoefen in die Suid-Afrikaanse samelewing indien preke met 'n hoë impak gepreek en lidmate begelei word om die beginsels van die Woord in hulle persoonlike lewens en hul leefwêreld te praktiseer;
3. Omdat predikers by uitstek geroep is om die gawes en vermoëns wat God aan hulle gegee het aktief en verantwoordelik te benut om lewens positief vernuwe - nie net om 'n boodskap te versprei nie.

Predikers en/of gemeentes kan 'n prediker voorstel om in aanmerking vir die prys te kom deur 'n video-opname van 'n erediens/preek, saam met 'n omskrywing van die doel van die preek en 'n vloeidiagram van die preek, voor einde Junie 2018 by die organiseerders in te dien. Die eerste toekenning van die prys sal by 'n spesiale geleentheid in die laaste kwartaal van 2018 aan die wenner oorhandig word – saam met 'n spesiale trofee wat vir hierdie prys ontwerp word.

Omdat hoorders die primêre teikengroep van 'n preek is, sal gewone lidmate gebruik word om preke te beoordeel. Hierdie beoordeling sal gedoen word op grond van vooraf afgespreekte riglyne of norme vir impak prediking.

Die droom van die leierskap van Coram Deo Gemeente is dat die prysgeld met behulp van borge verder verhoog kan word en selfs later uitgebrei kan word om meer pryse toe te ken.

Vir meer inligting:
Besoek die webblad van Coram Deo Gemeente: http://www.coramdeong.com/coramdeoprys.html
Of kontak dr. Floris Knouwds by 016 4231205 of 0829272575

Vakature: NG Gemeente Wolmaransstad - Hulpleraarspos – Een Jaar Vaste Termyn

NG Gemeente Wolmaransstad gesetel in die ring van Bloemhof, Sinode Goudland, is 'n dinamiese plattelandse gemeete, geleë in die hart van 'n ryk diamantveld en saaigebied in die Noordwes Provinsie. Die Gemeente bestaan reeds 129 jaar en huisves ongeveer 700 lidmate met 'n 50/50 verdeling tussen plaas- en dorpsbesoekpunte. 'n Vooraanstaande Tehuis vir Bejaardes, Kleuter-, Laer- en Hoërskool is deel van die bedienningsterrein.

Die Gemeente plaas 'n premie op gestruktureerde huisbesoek en persoonlike kontak tussen leraar(s) en lidmate. Die visie van die Gemeente is om as Geesvervulde dissipels van Jesus Christus, in Sy koninkryk werksaam te wees.

Werksprofiel: Van die applikant word verwag om om te sien na die basiese behoeftes van die Gemeente, soos omskryf in Art. 9 van die Kerkorde.

Vergoeding: Vergoeding, asook ander moontlike voordele, sal met die geskikte kandidaat onderhandel word, na gelang van die werkslading ooreengekom.

Aansoek: Rig 'n kort CV, motiveringsbrief, onlangse foto, gewaarmerkte afskrifte waar nodig en Finalejaars Akademiese rekord, aan: elizenieuwoudt@telkomsa.net / vanstaden.hennie.20@gmail.com.

Sluitingdatum vir aansoeke: **31 Desember 2017.** Kandidate wat die kortlys haal sal genooi word vir 'n onderhoud en 'n preekgeleentheid.

Navrae: Me Elize Nieuwoudt - 018 596 2100. Kantoor ure: Maandag tot Woensdag en Vrydag 8:00 tot 13:00 of Ds JA Jonker - 082 063 7499

Die Kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie indien 'n geskikte kandidaat nie gevind is nie.

NUUSBROKKIES

Biddag vir Bejaardes: 1 Oktober

Die Biddag vir Bejaardes (**Sondag 1 Oktober**) val vanjaar saam met Internasionale Dag vir Ouer Persone, wat vanjaar die tema *"Stepping into the Future: Tapping the Talents, Contributions and Participation of Older Persons in Society"* het. Jy kan hier meer lees. In die VSA gedenk die VN jaarliks die Internasionale Dag vir Ouer Persone en word *"National Grandparents Day"* gevier.

Om iewers tyd te maak om vir ons bejaardes voorbidding te doen, is moontlik een van die beste geskenke wat jy kan gee.

Diegene wat voorberei vir Sondag se erediens, kan oorweeg om van die volgende materiaal gebruik te maak in jul nadenke oor ouderdom en veroudering. Dalk is die briefie waarin 'n agtjarige sy indrukke oor oupas en oumas deel, iets wat met ouer persone in jul gemeente gedeel kan word. Kry dit hier.

Ouderdomsdiskriminasie: Waar staan jy? Klik hier.

Video: Combat ageism - kyk die video hier.

"Ageism refers to deep-rooted negative beliefs about older people. Ageism, just like racism and sexism, generates discrimination and inequality." - Sabina Brennan (met dank aan VrydagNuus)

'n Nuwe aanstelling by die Argief

NG Kerk Suid-Afrika Andrew Kok is aangestel as Bestuurder: Argief en sal hierdie vakature vanaf 1 Desember 2017 vul. Andrew bring besondere ervaring en kundigheid saam met hom na die kerkargief. Onder sy wye ervaring tel die voorsitterskap van die beheerraad van die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA). As lid van die Wes-Kaapse Argiefraad was hy betrokke by die herskryf van die Wes-Kaapse Argiefwet en by die Wes-Kaapse regering was hy onder meer verantwoordelik vir die registrasie/argieffunksie van verskillende departemente. Die lys van sy vaardighede en kwalifikasies is lank, maar dit is boonop lekker om te weet dat Andrew 'n meelewende en betrokke kerkraadslid en lidmaat van die NG Kerk (met die NG Gemeente Durbanville as geestelike tuiste), is - iets wat beteken dat hy sy bydrae by die Kaap se argief met 'n bepaalde ingesteldheid en aanvoeling vir die werksaamhede en strukture van die NG Kerk sal aanpak. (met dank aan VrydagNuus)

Met leedwese

Dr Jannie Malan, oudlelraar van Aasvoëlkop-gemeente, is Woensdag 20 September oorlede. 'n Dankdiens

vind plaas Dinsdag 26 September om 11:00 vanuit Queenswood-gemeente in Pretoria.

INTERESSANTE ARTIKELS

NT Wright Online : Word getransformeer

Die Britse Nuwe Testamentikus, NT Wright, help ons in verskeie geskrifte die volle betekenis van die Bybelse boodskap herontdek. Hy het die gawe om op die vlak van gewone sterflinge te kan kommunikeer.

Dit is nou moontlik, danksy www.ntwrightonline.org om 'n kursus te doen waarin hy jou help om die Bybel te ontsluit. Spring vir dié geleentheid – besoek die webblad. (met dank aan Grenspos)

The Art of Storytelling

In our culture, he who tells the best story wins. Creating great narratives that produce epiphanies involves a particular talent that applies far beyond film and changes the way you write books, marketing copy, funding proposals, sermons, and so much more.

Did you know: currently the main theme in movies is about overcoming fear, about becoming fully alive, not becoming the living dead? Watch a great video on the topic. (met dank aan Grenspos)

After 500 Years, Reformation-Era Divisions Have Lost Much of Their Potency

As Protestants prepare to mark the 500th anniversary of the Reformation, new Pew Research Center surveys show that in both Western Europe and the United States, the theological differences that split Western Christianity in the 1500s have diminished to a degree that might have shocked Christians in past centuries. Across Europe and the U.S., the prevailing view is that Protestants and Catholics today are more similar religiously than they are different. And while the Reformation led to more than a century of devastating wars and persecution in Europe, both Protestants and Catholics across the continent now overwhelmingly express willingness to accept each other as neighbors and even as family members. Read further. (met dank aan Grenspos)

Wat beteken Reformasie vir die kerk vandag?

Andries Cilliers (NG Gemeente Sonstraal) het tydens die Ring van Durbanville se ringsitting op 4 September as gasspreker nagedink oor "die betekenis van die Reformasie vir die kerk vandag". Sy bydrae word vanuit 'n interessante perspektief geskryf en verdien om wyer gelees en oordink te word. Klik hier. (met dank aan VrydagNuus)

Reformasielied met Stefaans Burden en Flam!

"Vreugdevol bely ons: Sola Scriptura, Sola Fide, Sola Gratia, ons is vry! Sola Christo, aan U alle eer, Soli Deo Gloria, U is in beheer."

Flam se lied F580 is geskryf en gesing deur Stefaans Burden (NG Worcester-Vallei) met die oog op die viering van Reformasie 500. Die bladmusiek is op www.flam.co.za beskikbaar. Luister gerus na die pragtige lied in die video onder.

BYBELMEDIA

Reformasie: Evangelie as wáre skat van die kerk!

"Die evangelie is die evangelie van genade ... dit is 'n genade wat nie gekoop kan word nie, wat slegs ontvang kan word. Die evangelie is die wáre skat van die kerk."

As jy wonder hoe jy oor Luther se beroemde 95 stellings moet dink, kan jy oorweeg om hier te lees wat Nadia Marais, dosent in sistematiese teologie aan die US Fakulteit Teologie, skryf.

Gemeentes en ringe kan nou oor eenheid praat

Die tyd is nou ryp vir goeie gesprekke tussen gemeentes en ringe van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika oor hoe groter eenheid tussen hulle bewerkstellig kan word. Dit het duidelik geblyk op 'n vergadering in Kemptonpark waarheen sinodale en algemene sinodale leiers van albei dié kerke onlangs genooi is. Die vergadering is belê om koppe ... Lees verder

NG Kerk en Hervormers wil nouer saamwerk

Die NG Kerk en die Hervormde Kerk wil op meer terreine hande vat en nog nouer met mekaar saamwerk. Dit blyk uit 'n verklaring na aanleiding van 'n vergadering tussen die Moderatuur van die NG Kerk se Algemene Sinode en die Moderamen van die Hervormde Kerk. Die twee kerke het reeds hegte bande. Dit blyk onder meer daaruit dat dominees ... Lees verder

Omgekeerde waardes en omgee in aksie: GEE-basaar!

Hierdie getuienis is een wat 'n mens regtig laat nadink. NG Villieria in Pretoria hou elke drie jaar 'n gee-basaar. Daar is alles wat jy by 'n basaar verwag, maar alles is verniet! Een van die predikante, Derick du Toit, vertel hierdie basaar het die gemeente se hele kultuur verander. Een van die slagspreuke van die Echo-bediening in die gemeente (waar Jaco Strydom bedien) is immers "It is not about charity. It is about community." Lees verder,..

En in aansluiting daarby wil jy dalk die redaksionele kommentaar oor omgekeerde waardes lees.

Die jongste Kerkbode ...

KERKBODE
Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense
Gemeentes en ringe kan nou oor eenheid praat

In Kerkbode van 8 September is daar nuus oor gesprekke oor kerkeenheid, oor 'n inisiatief van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke om waardes in Suid-Afrika te vestig en korrupsie te bestry, en oor 'n NG gemeente wat nou doleer.

Lees oor die hulp wat die Vrystaatse sinode verleen om mense te ondersteun na plaasaanvalle en oor vroue wat die leiding geneem het tydens die Reformasie.

Daar is 'n verhaal van 'n inpirerende werkskeppingsprojek in Stellenbosch en nog 'n verhaal van nog so 'n inspirerende projek op Hofmeyr in die Oos-Kaap.

Lees ook oor bendes en die moeilike taak vir die kerk om vir jong mense 'n alternatief te bied.

Oktober-uitgawe van LiG ...

- In die Oktober-uitgawe van LiG vier ons 500 jaar van die Reformasie en sien hoe Christus steeds sy kerk vernuwe.
- Die sangeres Andriëtte vertel dat sy nie kan ophou om dankie te sê nie. En Jans Rautenbach se Almeri vertel van sy ryk nalatenskap.
- Ons vind inspirasie by 'n rolstoelrugbyspeler wat die lewe kies en 'n tweeling wat albei borskanker moes trotseer.
- LiG kuier ook by 'n gesin wat uitgereik het na Siriese vlugtelinge.
- LiG maak ouerskap maklik met ses prettige maniere om jou kind te dissiplineer en help ouers om kop te hou met eksamenstres.
- LiG is vanjaar 80 jaar oud! En steeds bied ons Christelike inhoud wat gesinne en gelowiges verryk en inspireer.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskik-

baar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com -- Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - Zeerust - sel: 082 475 2740
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS